

Geboorte van Bo

Geboorte van Bo (“wedergeboorte”)

Voor ons by die geboorte van bo kom moet daar eers 'n agtergrond gegee word oor die saak nl: “Weer” en “gebore” (*Joh. 3:3, 7*).

As ons praat van die woord “weer” dan moes daar 'n eerste keer gewees het, m.a.w. die eerste geboorte het plaasgevind en moes doodgaan sodat daar 'n tweede geboorte kan plaasvind. As daar 'n tweede moet intree was die eerste nie goed genoeg nie, of die eerste het gefaal en moet plek maak vir die tweede. Soos 'n koringaar; Die aar moet eers doodgaan sodat daar deur sy dood 'n nuwe lewe kan uitsprei (*Dood aan die anderkant bestaan nie in die sin dat iets disintegreer en nooit weer bestaan nie. Dood is 'n terme wat gebruik word dat daar 'n einde gekom het in dit wat iets in bestaan het en nou oor kan gaan of begin in 'n volgende bestaan. Dood is 'n realiteit wat gebeur en as dit gebeur het kan geeneen op aarde dit keer nie. Alles op aarde is gekoppel aan dood waarvan die mens sukkel om dit te verstaan en bang word daarvoor. In die Skrif word dood 'n paar maal beskryf soos in Hos.13: 14 Uit die mag van die doderyk sal Ek hulle loskoop, Ek sal hulle verlos loskoop van die dood. Dood, waar is jou pestilensies? Doderyk, waar is jou verderf? Berou bly vir my oë verborge. Wanneer dood onafwendbaar / onvermydelik is soos in ouderdom of 'n motorongeluk wanneer die persoon op sy laaste is kry hy of sy daardie berusting en innerlike gemoedsrus dat hy nou oor kan gaan na die onbekende nuwe bestaan; Baie noem dat hulle nou huis toe gaan. Die gelese vers bo kan ons sien dat dood 'n finale gebeurtenis is, en dus moet daar voor die tyd voorberei word dat dood nie intree as jy nie gereed is daarvoor nie. 'n Onverskrokke persoon is soos 'n saadkorrel. As dit in die grond beland weet die saadkorrel dat hy nie 'n keuse het om te ontkiem “dood te gaan” een oor te gaan na 'n sy oorspronklike doel op aarde nie. So is die onverskrokke soos 'n Dawid (of wie ook al) wat storm in 'n geveg, nie dat dit oor hom as persoon gaan nie, maar meer oor die oorwinning van vrees; Om los te kom van die aardse magte. Dood is 'n saak van berou en hartseer vir die wat agterbly, tog moet hulle hul verbly oor die oorgaanstyd vir alle mense op aarde).*

Adam wat geskape was deur YHUH was nie deur fisiese saad nie, maar deur geestelike saad.

In Mal.2:15 staan dat YHUH 'n geslag van VADER daar gestel het op aarde. Daar staan ook dat die vrou 'n belangrike rol speel, want sy is die deur vir Adam se nageslag; YHUH se geestelike saad (*vanaf YHUH is die Geestelike saad in Adam geblaas*) waarvan Adam die voorreg ontvang het om dit deur Eva voort te laat lewe. Deur dit wat in die tuin van Eden plaasgevind het, het daar nou 'n dubbele saad proses begin nl: 'n Fisiese of vleeslike saad en 'n geestelike (*Adam het vleeslike kinders gehad, nie geestelike kinders nie, maar sy kinders het dié Gees in hulle gehad Gen.6:3*).

Die geestelike (*vleeslike mens in besit van dié Gees*) geboorte wat in die tuin van Eden gebore was het tot 'n end gekom weens hoerery van Israel met al die ander volke se gode. 'n Totale verbreking het die uitverkore volk deur Ha satan gekry. Ha satan het vanaf die tuin van Eden sy bes probeer om die suiwer bloedlyn te verbaster en te verheids. Ha satan se poging by Eva was om 'n geestelike Israel te laat ontketen by haar. Ha satan weet dat die suiwer saad in die Adamiete is en as hy dit kan "vergeestelik" kan hy dit verbaster en ander volke ook daarin laat kom. Ha satan het aan Eva gesê in Gen.3:5 dat as julle daarvan eet sal julle oë oopgaan. Voor die opening van hulle oë, deur Ha satan, was hulle naak en dit het hulle nie gepla nie. Wat sê dit vir jou? Die deur of opening was die geslagsgemeenskap, m.a.w. daar het by elkeen, Eva en Adam, 'n oog oopgegaan wat hulle geslagsdele aanbetref (*So die oë is nie hulle fisiese oë nie, maar die geslagsdeel van die liggaam*). Ha satan het soos Adam sy fisiese saad in Eva geplaas om sy gees voort te dra; daarom YHUUH se straf in Gen. 3:15 oor die sade.

Soos genoem kom die geestelike saad vanaf YHUUH deur Adam, Abraham, Isak, Jakob en sy twaalf seuns (*Ha satan se saad is openbaar in Joh.8:44*). 'n Fisiese saad lyn waarvan die siel (*Lev.17:14*) verkleef is aan die bloed en waarvan die suiwer bloedlyn by YHUUH in Adam begin het. Deur voortplanting gaan nie net die bloed of gene voort nie, maar ook die geestelike saad. Dit beteken dat Adam se genetiese saad (*en die geestelike-saad van YHUUH*) nog steeds in dié bloedlyn is van die uitverkore volk van YHUUH wat opgeteken in Luk.3:23-38.

Kom ons kyk nou na die "weer gebore" aspek. Soos bo gelees was daar 'n eersgebore tydperk totdat daar wetsoortreding ingetree het. YAHUSHA praat met Nikodémus in Joh.3:3-7 en sê:... *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van VADER nie sien nie. En in 3:5...: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van VADER nie ingaan nie. 3:6 Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.* Baie bring die doop in, omrede hulle YAHUSHA hoor praat van water; daarom die geweldige stormloop deur Jan Raap en sy maat na waters om gedoop te word. Alle kleure en geure is mos nou welkom want dis mos nou die ontvangs van die VADER se Gees. (*Matt. 11: 12*) Hulle kan maar doop van baba tot groot, dit kan hulle nie in die bloed – 'gene' van die Adam in vergeestelik nie. Nee, net dié bloedlyn kan geboorte van bo ontvang (*weergebore*). Hulle wat lewe en op pad is na die verderf het in YAHUSHA 'n kans om van bo deur VADER 'n tweede lewe / asem te ontvang. In 1 Joh. 3:9 *Elkeen wat uit VADER gebore is, doen geen wetsoortreding nie, omdat Sy saad in hom bly; en hy kan nie wette oortree nie, want hy is uit VADER gebore* (Ha satan het syne en YHUUH het Syne).

1 Pet 2:9 Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n reine volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig, 1 Pet 2:10 julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van VADER is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is.

Die vraag mag nou in jou opkom, maar hoe werk dit dan? Baie eenvoudig. Enige baba binne in 'n vrou is in water. Na 9 maande van swangerskap breek die wateromhulsel waarin die baba groot geword het, m.a.w. wanneer haar water breek word die baba fisies uit water gebore. YAHUSHA sê tog duidelik: uit water word die mens gebore, en hoe kan ons nou ander volke se bloedlyne in dieselfde vrou in kry? (*ons weet, as dit wel gebeur, dat dit verbastering is*). Die volgende is die geboorte van VADER se Gees in hom.

Wat onthou moet word is dat die bloedlyn altyd suiwer gebly het; Al verskil is dat die geestelike saad latent is (*leweloos om rede hy nie geplant is nie "koringaar"*) en wagtend op die persoon se begeerte op geestelike geboorte. Met besef dat ons as mens gebore en ontvang is in wetsoortreding (*Ps.51:5*) moet elkeen deur VADER 'n weer / hergebore word (*1 Joh. 3:9*).

Ter opsomming:

Deur belangstelling of kwelling in jou lewe kom ondersoek na waarheid. Hoe meer jy ondersoek hoe groter die belangstelling. Met die ondersoek kom geloofsoortuigings. Nou met dit wat ontketen het in jou kom die besef van wetsoortreding wat jou weggehou het van YHUUH. Met innerlike begeerte kom inkering en besef dat jy 'n wetsoortreder is.

Met skok besef jy op watter pad jy besig is om te loop en onmiddellik wil jy tot bekering kom. Terwyl jy omdraai, aanskou jy YAHUSHA, en jy val op jou aangesig neer en erken en bely jou oortreding voor Hom. YAHUSHA sien jou in Sy guns aan en vergewe jou oortredinge namens VADER. In ootmoed kom jy na die water tot die afwassing van wetsoortredinge met die doop. Wat nou van kardinale belang is, is die geboorte van bo. Onthou die doop van Johannes was die afwassing van wetsoortredinge en nie die ontvangs van die Gees van VADER nie (*Matt.3:11...Hy sal julle doop met die Gees van VADER en met vuur*). Die doop is die wassing voor die geboorte (*voor die groot ontvangs*). Dis die skoonmaak soos in *Eseg. 36:25. Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. 36:26 En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. 36:27 En Ek sal My Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in My insettinge wandel en My verordeninge onderhou en doen.*

Wat onthou moet word van die wassing is dat dit die voorbereiding en skoonmaak is van die bruid vir haar Bruidegom. Die wassing kan ook gesien word as die verlowingsring. In daardie verloof tydperk gaan YHUH jou toets, beproef en gebruik (Vuurdoop). In die nuwe lewe gaan VADER jou met mate gawes skenk deur SYGees in jou soos openbaringe of onderskeidingsvermoë.

Soos genoem dat VADER sal na die wassing jou in guns aansien en Sy Gees [YAHUSHA] in jou binneste plaas. VADER sal jou in aanskouing hou om te sien of jy SY wette gehoorsaam en dit onderhou. Hy sal kyk of jou hele lewenswyse verander het en of jy dit uitstraal; Ons noem dit sien as die 'vuurdoop'. In Matt.12:43-45 is die waarskuwing van die wat vaal om in die nuwe lewe te gaan en dus oppervlakkig deur die doop te gaan.

Ek noem ook net van die man wat aan die folterpaal langs YAHUSHA gehang het; Hy was heel des moontlik nie gedoop nie, maar tog die ewige lewe ontvang. Hoekom? Eerstens omrede die guns van YAHUSHA en tweedens geen tyd meer oor gehad het nie, want dood gaan nou intree en derdens die verlowings tydperk (Doop) is 'n 'werk tydperk', waarvan hy dit nie meer kon doen nie. Hoor julle die derde stap? Dit is 'n tydperk van skoonmaak en regkry vir die huwelik wat voorlê.

So asb., sien die doop as 'n vergunning van VADER oor ons om met SY Seun in 'n huwelik te tree en die verlowings tydperk as 'n werk tydperk vir Hom; en 'n geleentheid om VADER se Gees in jou te laat ontkiem en te blom.

Ns.:

Hand. 2:2,3 En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. :3 Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit.

Hand. 2:38-41 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van ~~Jesus Christus~~ YAHUSHA dié Gesalfde tot vergewing van ~~sondes~~ oortredings, en julle sal die gawe van die Heilige Reine Gees ontvang. :39 Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die ~~Here~~ Meester onse ~~God~~ Skepper na Hom sal roep. :40 En met baie ander woorde het hy hulle besweer en vermaan en gesê: Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag. :41 Die wat toe sy woord met blydschap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drie duisend siele toegebring.

Toe die Gees van VADER uitgestort was op die Apostels het hulle uitgegaan en drie duisend siele gedoop. Die Apostels het die geboorte van bo ontvang, maar nie die 3000 nie. Hulle het wel die "gawes" van die Gees ontvang. Die geboorte van bo lê vir die uitverkore in die 1000 jaar van vrede. Hoekom sê ek so? Omrede 'n man met die geboorte van bo moet kan manifesteer van plek tot plek, dooies opwek, ens. Al wat ons te doen staan is om dit wat ek in die traktaat deur gegee het en wagtend te bly op ons Bruidegom.